VOLUME 1/2010

JUNIE/JUNE 2010

HOËRSKOOL OUDTSHOORN HIGH SCHOOL

# STRUISIEBONDER

## STRUISIEBOND HERSTRUKTUREER

Ons voel dit het tyd geword vir vernuwing van bestuur, struktuur en funksionering binne die STRUISIEBOND, tuiste van die oudStruisies van Hoërskool Oudtshoorn.

Soos dit by die meeste groter, tradisieryke skole die geval is, wil ons graag sien dat ons oudskolierebond konstitusioneel en finansieel onafhanklik van die skool funksioneer, hoewel die skoolpersoneel steeds volgens behoefte logisties en organisatories betrek kan word.

Ons beplan om teen die einde van Julie of vroeg in Augustus 'n gesellige samekoms van oudStruisies by die skool te hou waartydens ons die Struisiebond se nuwe koers en funksionering wil oordra en vestig. Met die oog op laasgenoemde nooi ons reeds in hierdie stadium alle oudStruisies om idees/insette na Dave van der Walt [dave@oudhs.wcape.school.za] te stuur.

In en om Oudtshoorn woon daar BAIE oudStruisies. Kom raak betrokke! Neem leiding en inisiatief! Kom maak die Struisiebond die trotse oudskolierebeweging wat dit behoort te wees!

Struisiegroete.


OLGA JOHNSON

### BESTE IN SUID-AFRIKA!

**Olga Johnson**, matriekleerder van die Hoërskool Oudtshoorn, beklee vanjaar die eerste plek landwyd in die nasionale tweetaligheidseksamen. Dit is 'n eerste in die geskiedenis van die skool. 16 leerders van die skool het die eksamen suksesvol afgelê met nege wat bo 70% behaal het.

IN HIERDIE UITGAWE


| | |
|---|---|
| Manie groet | 2 |
| Sunell blink in Bermuda | 2 |
| Onthou jy nog... | 3 |
| Reünies vir 2010 | 3 |
| Nege Struisies vir SWD | 4 |
| Struisieleiers 2010 | 4 |
| Mnr. & Mej. Struisie 2010 | 4 |


Vir die 2010-kalender...

12 Aug Groot Brag

13 Aug Struisiebond - Geesvang

14 Aug STRUISIE DAY

2-6 Aug Jeugkunsweek

18 Aug Kuns- & Musiekaand

22 Sept Matric Farewell

# STRUISIEBOND SÊ DANKIE...



MANIE OLIVIER

Manie Olivier, voorsitter van die Struisiebond, het die tuig neegelê. Enersyds het sy werkslading en buitemuurse te veel geword en andersyds die idee om iemand anders die geleentheid te gun om met "nuwe" idees Struisiebond die toekoms in te neem.

Ook sy onlangse siekte het net bewys dat hy dalk die regte besluit geneem het. Hy gaan egter nog in hart en siel deel wees van die Struisiebond - daarvoor was hy darem te lank deel van Struisieland!

**Struisiebond sê baie dankie vir sy onbaatsugtige diens en wens hom 'n rustiger tyd toe.**

*"Een keer 'n Struisie, altyd 'n Struisie"*

# OUDSTRUISIE PRESTEER IN BERMUDA



SUNELL LOMBARD

As jy dalk in Bermuda rondloop, Afrikaans hoor of 'n kunswerk sien wat jou bekoor, is dit heel waarskynlik Sunell Lombard of van haar kunswerke!

Nadat hierdie Struisie in 2001 gematrikuleer het, behaal sy haar BFA [2006] en MPhil [Illustration] aan die Universiteit van Stellenbosch. Sunell, wat Bermuda nou haar tuiste gemaak het, is al as die Kunstenaar van die Maand deur die gesogte "This Week in Bermuda"- tydskrif aangewys! [onder: een van haar bekroonde werke]



# MEMORY LANE...



Barry Wolmarans (Springbok-skrumskakel)

Barry Wolmarans — matriek 1970. Puik rugbyspeler!

# KORT NUUS ...

- OudStruisies wat belangstel in 'n baadjie vir oudskoliere, kan vir Dave van der Walt by 082-7734901 kontak.
- Ons innige meegevoel aan die familie van Riaan Volschenk [1986] met sy afsterwe.
- Geluk aan Marli Greeff en Louis Lategan met hulle Golden Key Internasionale Toekennings
- Ons innige meegevoel aan die familie van Anzel de Klerk [2001] met haar afsterwe na die tragiese motorongeluk

### REUNIONS / REÜNIES

Die Struisiebond moedig alle oudStruisies aan om betrokke te raak by hul jaartal se reünies. Waar Struisiebond kan, ondersteun ons die organiserende komitees om hul onderskeie reünies te reel, logistieke hulp aan te bied en advies te gee.Kontak gerus die Struisiebond by 044-2791623 of 082-7734901 of struisiebond@oudhs.wcape.school.za

Gaan asseblief na Struisies se webtuiste [www.oudhs.co.za] en voltooi die aanlyn-inligtingsvorm

Lees jou STRUISIEBONDER op www.oudhs.co.za

# STRUISIELANDREÜNIES/STRUISIELAND REUNIONS 2010

## REÜNIE: MATRIEKS VAN 1965

Die matrieks van 1965 hou hul 45-jaarreünie die naweek van 5-7 November 2010. Alle matrieks van 1965 word versoek om **Tinie Vermeulen** by 083-5903121 of tienie.vermeulen@telkomsa.net te kontak.

## REUNION: MATRICS OF 1970

The matrics of 1970 will have their 40 year reunion the weekend of 7-8 August 2010. All the matrics of 1970 are requested to contact **Dappies Smit** at 021-8702925 or dappies@dtd.co.za

## REÜNIE: MATRIEKS VAN 1980

Die matrieks van 1980 hou hul 30-jaarreünie die naweek van 13-14 Augustus 2010. Alle matrieks van 1980 word versoek om **Stephan Terblanche** by 082-6538281 of sterblanche@kleinkaroo.com te kontak.

## REUNION: MATRICS OF 1990

The matrics of 1990 will have their 20 year reunion the weekend of 13-15 August 2010. All the matrics of 1990 are requested to contact **Arenhold Hooper** at 083-3054413 or arenhold1990@gmail.com

## REÜNIE: MATRIEKS VAN 2000

Die matrieks van 2000 hou hul 10-jaarreünie die naweek van 27-28 Augustus 2010. Alle matrieks van 2000 word versoek om **Adriaan Koen** by 0764517219 of adriaankoen@hotmail.com te kontak.




**SPORT**

**HOËRSKOOL OUDTSHOORN HIGH SCHOOL**

STRUISIEBOND
Posbus/P.O.Box 194
OUDTSHOORN 6620

Tel : 044-2791623
Fax: 044-2725365
Email :
struisiebond@oudhs.wcape.school.za

**STRUISIEBOND**

PROUDLY Struisie TROTS
TEL: 044 279 1623
www.oudhs.co.za

## NEGE STRUISIES IN SWD-RUGBYSPANNE


Hoërskool Oudtshoorn is baie trots op die nege Struisies wat as Jong Arende gekies is. Hulle is: Percy Williams, Blaine James, Doveno Bowers en Nigel Olieslager [Cravenweek], Willem du Toit, Rory Bell, Bradley Jumaats, Keagan Fortuin [Akademie] en Dean January [Grant Khomo 0/16-span]. Baie geluk.


Percy Williams op pad na sy prag-tige drie teen Oakdale

**ENB STRUISIEDAG 2010**
**14 AUGUSTUS**
Tref nou reeds jou reëlings vir hierdie GROOT geleentheid !

## MNR. EN MEJ. STRUISIE 2010

Die kroning van **Mnr en Mej Struisie**, 'n jaarlikse uithanggeleentheid van die Hoërskool Oudtshoorn, het onlangs in die skool se saal plaasgevind. Dit het gepaard gegaan met 'n ete en 'n modeparade waarin onder andere personeel van die skool as modelle opgetree het. Conrad Strauss en Richelle du Preez (voor in die middel) is as Mnr en Mej Struisie gekroon met Leila Jenkins (links voor) as eerste prinses en Wickus Lombard (regs voor) as eerste prins. Agter van links is Willem du Toit (Mnr Fotogenies), Bradley du Toit (tweede prins), Margie Jansen van Vuuren (tweede prinses) en Marzel Smith (Mej Fotogenies). Conrad en Richelle was ook onderskeidelik Mnr en Mej Persoonlikheid. Die seremoniemeester van die aand was Ivan Zimmerman van Egoli-faam.




Hoërskool Oudtshoorn High School top 100 in SA PROUDLY Struisie TROTS 0442791623



Die Hoërskool Oudtshoorn se **hoofleiers** vir 2010 is van links Margie Jansen van Vuuren (onderhoofmeisie), Bradley du Toit (hoofseun), Anneke Badenhorst (hoofmeisie), Conrad Strauss (onderhoofseun), Elana Benghiat (voorsitter van die Matriekraad) en Willem Burger (ondervoorsitter van die Matriekraad).




# STRUISIEBOND

## HOËRSKOOL OUDTSHOORN HIGH SCHOOL

POSBUS/ P.O.BOX 194 OUDTSHOORN 6620
TEL 044-2791623 e-mail : struisiebond@oudhs.wcape.school.za

**LIDMAATSKAPVORM / MEMBERSHIP FORM**

*DUI AAN MET X / INDICATE WITH X*

OUDSKOLIER / EX-SCHOLAR ☐ ONDERSTEUNER / SUPPORTER ☐ OUDONDERWYSER / EX-TEACHER ☐

VAN / SURNAME : ____________________

NOOIENSVAN / MAIDEN NAME : ____________________

VOORNAME / FIRST NAMES : ____________________

ADRES / ADDRESS : ____________________

____________________

KODE / CODE : __________

e-pos / e.mail : ____________________

TEL: KODE/CODE :__________NR/NO :____________________

MATRIEKJAAR / MATRIC YEAR : ____________________

**LEDEGELD / MEMBERSHIP FEE : R50 p.a.**

BETALING / PAYMENT : TJEK / CHEQUE : ☐